**Vrydag 17 November**
**Skrifgedeelte: Psalm 7**
**Fokusgedeelte: Psalm 7**
**Ek ly onregverdig ... en gryp aan die Here vas!**

Jy word vals beskuldig, onregverdig aangekla. Al was jy getrou, ook aan die Here, word gesê dat jý onregmatig opgetree het. Wat maak jy?

Dawid raak nie verbitterd nie. Hy neem nie die reg in eie hand nie. Néé, hy praat met die HERE, met Ek-is-wat-Ek-is. Hierdie HERE is sý God. En daarom, terwyl Dawid voel asof sy vyand, Kus die Benjaminiet, hom soos ’n leeu verskeur, draai hy na die HERE. Hy skuil by die HERE. Hy vertrou op die HERE. Die HERE moet hom verlos. Die HERE moet duidelik wys dat hy wat Dawid is, die reg aan sy kant het. En ja, as hy gedoen het waarvan hy beskuldig word, dan moet die HERE hom met die grond gelykmaak. Maar ... hy wat Dawid is, het dit nie gedoen nie. Hy is onskuldig, onbesproke.

Dawid is nie die eerste, enigste of laaste gelowige wat onregverdig beskuldig word nie. Daarom gaan staan Dawid langs elke gelowige wat onregverdig stukkend gemaak word. Hy beklemtoon dat die Here oor al die volkere regspreek. Hy bely dat die Here hom – en elkeen wat onregverdig ly – beskerm. Hy erken dat die Here altyd die skuldiges straf ... hulle by wie die sonde vrug gedra het. Maar – aangrypend – Dawid erken ook dat die Here genadig is as hy wat jou vals beskuldig het, tot bekering kom (7:13).

Kan jy en ek so ’n onreg dra, verwerk? Ja, ons kan, want ons leef uit die Bron van genade, uit die Een Onskuldige wat onregverdig aangekla, geoordeel, gevonnis en gekruisig is. Ons leef deur die Gees wat Paulus laat skryf het: *Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God* (Rom. 12:19).

Ons leef met aanbidding voor die Allerhoogste, Hy wat die reg laat geskied.

*Sing: Psalm 31-1:15-17*

*Ds. PW Kurpershoek (Pieter) (Middelburg Mpumalanga)*